KLK Landbou Beperk
Reg nr. 1997/015589/06

Winsaankondiging vir die Jaar Geëindig 28 Februarie 2010

Die **verdienste** vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 van R12,1 miljoen verteenwoordig 'n 24,9% styging in vergelyke met die vorige jaar.

Die beter verdienste word hoofsaaklik toegeskryf aan uitstekende resultate van die brandstofafdeling en alhoewel die lewendehawe- en vleisafdeling steeds nie bevredigende resultate lewer nie, het dit beter vertoon as die vorige jaar.

Die handelsafdeling se marges was onder druk en die winsbydrae is laer as die vorige jaar.

Die motorafdeling het vir die tweede agtereenvolgende jaar 'n daling in eenhede verkoop, ervaar. Die strammer kredietverlening deur banke en die lae verbruikersvertroue wat die motorindustrie nadelig geraak het, was hoofsaaklik die rede hiervoor. Nieteenstaande die moeilike handelstoestande was die motorafdeling se resultate in lyn met die vorige jaar en beter as wat verwag is.

Daarteenoor kon S.A. Dorper (velle verwerking) nie die negatiewe impak van 'n sterker rand/dollar wisselkoers, laer volumes, rou-materiaal kwaliteitsprobleme en die swakker internasionale vraag na verwerkte velle, vryspring nie. Die winsbydrae van S.A. Dorper het met 60% gedaal, teenoor die vorige jaar.

Finansiële Hooftrekke		2010	2009	%	
Omset	(R'm)	***1109,2***	1208,2	**8,2**	↓
Wins voor belasting	(R'm)	***15,0***	7,6	**97,4**	↑
Bedryfswinsmarge	(%)	***1,6***	1,1	**45,5**	↑
Verdienste	(R'm)	***12,1m***	9,7m	**24,9**	↑
Basiese verdienste per aandeel	(sente)	***56,2***	45,0	**24,9**	↑
Kapitaalspandering	(R'm)	***6,6***	4,3	**53,2**	↑
Opbrengs op aandeelhouersbelang	(%)	***11,5***	10.1	**13,9**	↑
Netto kontant deur bedrywighede voortgebring	(R'm)	***24,5***	14,7	**66,7**	↑
Netto toename/(afname) in bank en kontant	(R'm)	***7,9***	(8,0)	**98,8**	↑
Dividend per aandeel	(sente)	***11***	10	**10,0**	↑
Effektiewe belastingkoers	(%)	***30,0***	28,1	**6,7**	↑

Die **Groepsomset** het met 8,2% gedaal tot R1109,2 miljoen. Die daling in gemiddelde brandstofpryse (petrol en diesel) van 16,9% vir kleinhandel en 19,5% vir groothandel kon nie teengewerk word deur die volume groei van onderskeidelik 4,7% en 14,0% in kleinhandel en groothandel volumes nie. Die verbeterde voorsiening en logistieke asook 'n vergrote mark het bygedra tot die volumegroei.

Die motorafdeling se omset het met 20,8% gedaal tot R70,5 miljoen teenoor die vorige jaar en weerspieël hoofsaaklik die daling in eenhede van Gordonia Motors (GM produkreeks).

Lewendehawe veilings, voerkraal en karkasverkope se omset het met 2,1% tot R284 miljoen gedaal. Laer getalle van veilings en verslagtings, met onderskeidelik 5% en 3,5% in vergelyke met die vorige jaar, het hoofsaaklik hiertoe bygedra. Die geringe styging in veilingspryse van 3% per kop en vleispryse van 4% per kilogram en die daling in velpryse kon nie die impak van die daling in volume teenwerk nie.

Die handelsafdeling se omset was ietwat laer as die vorige jaar en kan toegeskryf word aan algehele prysverlagings in staal-, veevoer- en brandstofpryse. Die opening van 'n *Built it* tak te Postmasburg het bygedra tot die beter omset van die *Build it* takke.

Die kontantvloei en balansstaatverhoudings verbeter steeds. Die netto bedryfskapitaal het met R6,0 miljoen verminder, hoofsaaklik as gevolg van 'n R10 miljoen daling in voorraadvlakke en 'n toename van R4 miljoen tot R64 miljoen in debiteure.

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite van R17,9 miljoen is aangewend om beleggingsaktiwiteite van R5,1 miljoen (vaste bates aangekoop) te finansier, terwyl R4,9 miljoen aangewend is om langtermyn lenings terug te betaal. Die netto effek is 'n verbetering van R7,9 miljoen in kontant.

Die positiewe kontantvloei het dit moontlik gemaak dat 'n bedrag van R569 000 van aandeelhouerslenings gedurende die komende jaar terug betaal kan word.

Die direksie verwag dat die stram landbou- en handelstoestande, nieteenstaande 'n verwagte verdere verbetering in besigheidstoestande in vergelyke met die resessie-vlakke van laat 2008 en vroeg 2009, sal voortduur. Uitstekende kostebestuur sal dus noodsaaklik wees vir KLK se sukses in die volgende jaar en veral met die oog op verdere verbetering in die onderpresterende afdelings van KLK.

Die direksie beveel aan dat 'n dividend van 11 sent (2009 – 10 sent) per gewone aandeel betaal word aan aandeelhouers geregistreer in die boeke van die maatskappy op 30 Julie 2010 en betaalbaar op 3 September 2010.

'n Opsomming van die geouditeerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 is op KLK se webtuiste beskikbaar.

Die finansiële state sal gedurende die Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers wat gehou sal word by KLK se Hoofkantoor op Woensdag, 28 Julie 2010, vir goedkeuring voorgelê word.

Die volgende direkteure se ampstermyn verstryk ingevolge die Statute met die Algemene Jaarvergadering op 28 Julie 2010:

JS Marais
PP van Jaarsveld

Mnr JS Marais het homself weer verkiesbaar gestel.

Die volgende drie nominasies vir verkiesing as direkteure gedurende die komende Algemene Jaarvergadering, is ontvang:

JS Marais
FJ van der Merwe
GS Miller

Gedurende die komende Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers, sal twee van bogenoemde drie genomineerdes tot die raad van direkteure verkies word.

DIREKTEURE: JS Marais (Voorsitter), JPN Stander (Vise-Voorsitter), JM Bredenkamp, ZL Combi (Alt. A Fuchs), WSB du Toit, JJA Smith, FJ van der Merwe, SD van Huyssteen (Besturende Direkteur), PP van Jaarsveld, JA van Zyl.
Maatskappy Sekretaris: G Marquard

GEREGISTREERDE KANTOOR:
Karakoelstraat 14, Upington, 8801
Posadres: Posbus 86, Upington, 8800. Telefoon: 054 – 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

SD VAN HUYSSTEEN
BESTURENDE DIREKTEUR

Datum: 28 Mei 2010

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	2010 Rm	2009 Rm
BATES		
Nie-bedryfsbates	62.5	58.9
Eiendom, aanleg en toerusting	50.3	47.4
Ontasbare bates	2.6	2.6
Belegging in geassosieerde	9.4	8.6
Beleggings gehou vir verkoop	0.3	0.3
Bedryfsbates	137.5	140.6
Voorraad	68.3	78.0
Handelsdebiteure	64.0	60.3
Kontant en kontantekwivalente	5.2	2.3
Totale bates	**200.0**	**199.4**
EKWITEIT EN LASTE		
Totale ekwiteit	105.3	95.4
Uitgereikte kapitaal	21.5	21.5
Aandele premie	9.0	9.0
Behoue verdienste	74.8	64.9
Buiteaandeelhouersbelang	1.9	1.7
Totale laste	92.8	102.3
Nie-bedryfslaste	9.5	14.2
Aandeelhouerslenings	4.0	4.2
Langtermynlenings	9.4	14.1
Uitgestelde belasting	(3.8)	(4.1)
Bedryfslaste	83.2	88.1
Handels- en ander krediteure	71.3	71.2
Oortrokke bank	11.9	16.9
Totale ekwiteit en laste	**200.0**	**199.4**

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal Rm	Aandele-premie Rm	Behoue verdienste Rm	Totaal Rm
Saldo 1 Maart 2008	21.5	9.0	57.5	88.0
Behoue wins vir die jaar	-	-	9.7	9.7
Regstelling t.o.v vorige jaar saldo	-	-	(0.1)	(0.1)
Dividende	-	-	(2.1)	(2.1)
Saldo 28 Februarie 2009	21.5	9.0	64.9	95.4
Behoue wins vir die jaar	-	-	12.1	12.1
Dividende	-	-	(2.1)	(2.1)
Saldo op 28 Februarie 2010	**21.5**	**9.0**	**74.8**	**105.3**

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	2010 Rm	2009 Rm
KONTANTINVLOEI/(UITVLOEI) UIT BEDRYFSAKTIWITEITE	17.9	5.8
Kontantontvangste van klante	1,115.7	1,227.2
Kontantbetalings aan verskaffers en werknemers	1,091.1	1,212.5
Netto kontant/(tekort) deur bedrywighede voortgebring	24.5	14.7
Rente ontvang	3.0	3.9
Dividende ontvang	0.0	0.0
Rente betaal	(3.3)	(5.4)
Dividende betaal	(2.1)	(2.2)
Belasting betaal	(4.2)	(5.3)
KONTANTUITVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE	(5.1)	(4.1)
Vaste bates aangekoop	(6.6)	(4.3)
Ontasbare bates aangekoop	-	(0.5)
Opbrengs met verkoop van vaste bates	0.4	0.6
Beleggings gemaak/(verkoop en gevorder)	1.0	0.0
KONTANTINVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE		
Toename(Afname) in langtermynlenings	(4.9)	(9.7)
Netto toename/(afname) in bank en kontant	7.8	(8.0)
Kontant en kontantekwiwalente op hande aan die begin van jaar	(14.6)	(6.6)
Kontant en kontantekwiwalente op hande aan die einde van jaar	**(6.8)**	**(14.6)**

KLK LANDBOU BEPERK
REG. NR. 1997/015589/06
FINANSIëLE HOOGTEPUNTE EN STATISTIEK

		2010	2009
Aantal gewone aandele uitgereik	'000	21,486	21,486
Basiese verdienste per aandeel	(sent)	56.2c	45.0c
Wesensverdienste per aandeel	(sent)	56.0c	45.0c
Netto batewaarde per aandeel	(sent)	490.2c	444.0c